**Huiswerkvel 28 (Hoofstuk 14)**

Gebruik die onderstaande teks om die volgende taalvrae te beantwoord:

**Huisvergaderings: dis hoe**

Lank gelede het gesinne nog etenstyd saam om die tafel gesit; daar was nie televisie of rekenaars om die aandag af te trek nie en geen selfone wat aandring op aandag nie.

Gesinne was dalk nie probleemvry nie, maar daar is geen twyfel nie dat gesinslede meer **oogkontak** gemaak het met mekaar, meer **geluister** het en meer opinies gedeel het so tussendeur die speel en huishoudelike takies.

Vandag, hoewel gesinslede onder baie stres en druk is, is daar veel meer klem op die reg van elke gesinslid op ’n opinie of ’n gevoel. Die meeste ouers probeer wegbeweeg van die vroeëre outokratiese metode van kinders grootmaak.

Ouers wil hê hul jong kinders moet kan praat oor wat hulle voel en kan keuses maak, maar tog is daar in die meeste huishoudings **nie die struktuur wat oop kommunikasie sal aanmoedig nie**.

Menige ouers woon slypskole by oor ouerskap, lees boeke en win professionele raad in om **effektiewe kommunikasie** te leer. Maar baie ouers is onseker oor hoe en waar om die strategieë te implementeer.

’n Goeie plek om te begin, is met die instel van gereelde gesinsvergaderings, wat ’n lewenslange stukkie “gereedskap” kan word waarmee kommunikasie-kanale oop en gesond gehou kan word.

http://www.yourparenting.co.za/parenting/being-a-mom/huisvergaderings-dis-hoe

1. Sê elke keer of die onderstreepte woord in paragraaf 1 ’n afleiding, samestelling of samestellende afleiding is. (6)
2.1 Dui die kern en bepaler in *probleemvry* aan. (2)
2.2 Gebruik die kern as ’n bepaler in jou eie nuwe samestelling. (1)
3.1 Dui die kern en bepaler in *oogkontak* aan. (2)
3.2 Gebruik die kern as ’n bepaler in jou eie nuwe samestelling. (1)
4. Dui die onderwerp, gesegde en voorwerp in die volgende sinne aan:
4.1 Die meeste ouers beweeg weg van die outokratiese metode. (3)
4.2 Huisvergaderings maak ’n verskil aan kommunikasie in die gesin. (3)
5. Skryf die volgende sin in die lydende vorm:
Hulle hou elke Woensdag ’n huisvergadering. (2)